

## Vrydag 17 Mei

<b>Skrifgedeelte: Romeine 1:1-17</b>	<b>Fokusgedeelte: Romeine 1:17 (1933/53-vertaling; 2016-Direkte Vertaling)</b>
--------------------------------------	--

### **Kerkhervorming – Luther: Die regverdige sal uit die geloof lewe**

Paulus se brief aan die Romeine is waarskynlik in die winter van 55-56 nC geskryf. Paulus moes in die tyd op een plek bly. Beskut teen die koue, gelei deur die Heilige Gees, het hy met volle aandag hierdie mees uitgebreide skrywe oor die Christelike leer sorgvuldig uiteengesit. Vanuit 'n hawedorp naby Korinte is hierdie “winterbrief” nie gevul met die “winterkoue” van die omgewing nie, maar met die “somerwarmte” van God se genade. Hy skryf aan kinders van die Here wat hy nog nooit ontmoet het nie; hyself was nog nooit in Rome nie. Hy weet wel dat hierdie gelowiges in 'n komplekse kosmopolitiese omgewing moes lewe.

Vir hierdie mense uit verskillende agtergronde, die meeste van hulle nie-Jode, mense wat oor die stad versprei is wat in verskillende huisgemeentes bymekaarkom, vir almal geld net die een boodskap. Ongeag jou afkoms of jou bymekaarkomplek, as kerk van die Here is daar hierdie grootse boodskap van bevryding dat jy uit genade alleen vrygespreek kan word. Daar is niks wat jy as mens kan doen om geregverdig te word nie. Geen goeie werke soos betaling van die aflat of wat ook al kan jou red nie.

Martin Luther (1483-1546) het met hierdie vers in Romeine die Reformasie-vuur tot sy volle hoogte kon aansteek. Die geregtigheid van God word nie op enige ander manier geopenbaar as net deur die geloof alleen nie. Dit is uit die geloof tot die geloof wat ons as kerk van die Here opnuut kan opstaan en besef dat God se geregtigheid geheel en al op die geloof berus. Hierdie enkele gedeelte het Luther se hele beskouing oor die Skrif verander. Van die oomblik wat Luther hierdie gedeelte kon verstaan, was die hele Skrif vir hom 'n boodskap van genade en bevryding. Dit was asof hy vanuit die donkerste, koudste nag kon kom by die volle lig van God se son wat die som van God se genade vir hom ontsluit het. *Die regverdige sal uit die geloof lewe* is waarmee elke gelowige elke sonnige dag, maar ook elke koudste nag, kan lewe.

*Sing: Psalm 40-1:5*

*Ds. PJ Venter (Petrus) (Pretoria)*